24-7 GEBED VIRHERLEWING
2-8 DESEMBER 2024

Die Godgewe gesinsstruktuur word vandag wyd bedreig deur wêreldse denke en persepsies. Ouers en kinders kan hierdie druk oorkom deur as 'n gesin saam te bid. In hierdie eerste deel van 'n reeks van drie, *'Fokus op gesinslewe'*, bid ons vir gesinne om lewensveranderende veranderinge aan te bring en die Here te soek vir Sy onderrig en leiding.

MAANDAG 2 DESEMBER 2024
DIE GESIN

As die Here die huis nie bou nie, swoeg dié wat daaraan bou, tevergeefs. As die Here die stad nie beskerm nie, waak dié wat dit beskerm, tevergeefs. (Psalm 127:1).

Die meeste gesinne funksioneer normaal en vervul God se voornemens vir hulle. Wat ook al die situasie in jou gesin mag wees, om jou tot God te wend wat die toekoms in Sy hande hou, is altyd die oplossing. Hy alleen is jou hoop ten spyte van die uitdagings waarvoor jy dalk te staan mag kom.

Kom ons bid

- Om probleme as 'n gesin in die gesig te staar kan dit moeilik maak om God te vertrou om julle as gesin te lei, rig en te onderrig. Gee enige selfpoging as 'n gesin aan die Here oor en besluit om Hom te vertrou in alles wat julle as gesin nodig het.
- Vra God, as 'n gesin, om vir julle die dinge te wys wat julle in jul gesin toelaat wat Hom nie eer nie. Vra Hom om julle te help om op te hou om hierdie dinge te doen.
- Vra die Here om jou en jou gesin te help om jou lig voor mense te skyn; sodat hulle jou goeie werke kan sien en jou Vader wat in die hemel is, kan verheerlik (Matteus 5:13-16).

DINSDAG 3 DESEMBER 2024
VADERS

Is daar nogtans vir ons net een God: die Vader, uit wie alles is en vir wie ons lewe; en net een Here: Jesus Christus, deur wie alles bestaan en deur wie ons lewe. (1 Korintiërs 8:6).

Dit is belangrik vir kinders om die rol van die vader in hul gesinne te verstaan om vir hulle te sorg. Hulle het eweneens 'n hemelse Vader. Hy is die Bron van lewe. Hy voorsien in hulle behoeftes, korrigeer hulle omdat Hy hulle liefhet, en gee hulle wysheid. Vaders het ook die voorreg om hul kinders God se liefde te wys deur vergifnis te betoon wanneer hulle hul eie foute maak en daaruit leer.

Kom ons bid

- Waar daar hartseer, pyn en teleurstelling is, vra vir die Here om die harte van die vaders met dié van hulle kinders te versoen en die harte van die kinders met hulle vaders (Maleagi 4:6).
- Bid vir regverdige vaders om liefde aan te trek, wat die band van volmaaktheid is (Kolossense 3:14).
- Christus moet die beherende faktor in jou hart wees met betrekking tot besluite en vrae wat opduik. Vra God vir Sy vrede om in jou hart, as vader, te heers.

WOENSDAG 4 DESEMBER 2024
MOEDERS

Sodat hulle die jonger vrouens kan leer om liefdevol teenoor hulle mans en kinders te wees, verstandig en kuis, goeie huisvrouens, onderdanig aan hulle mans. Dan sal die woord van God nie in diskrediet kom nie. (Titus 2:4-5).

Om 'n moeder te wees is 'n belangrike rol wat die Here aan die vrou in 'n gesin gee. 'n Christenmoeder word vermaan om haar kinders lief te hê, vir hulle te sorg, hulle te koester, hulle liefdevol te omhels, in hul behoeftes te voorsien en die verantwoordelikheid van moederskap ter harte te neem sodat sy nie die Here haar Verlosser teleurstel nie.

Kom ons bid

- Bid vir moeders se integriteit om as voorbeeld te dien – om te leef wat hulle sê, 'n voorbeeld te wees by wie 'n kind kan leer van die essensie van 'n goddelike lewe (Deuteronomium 4:9).
- Bid vir moeders om hul kinders te dissiplineer en hulle die vrees van die Here te leer. Om konsekwent gesonde grense te stel (Hebreërs 12:5-11).
- Vra die Here om moeders te help om 'n omgewing van bemoediging te skep, die vryheid om uit foute te leer, onvoorwaardelike aanvaarding, toegeneentheid en onvoorwaardelike liefde (2 Timoteus 1:7).

DONDERDAG 5 DESEMBER 2024
KINDERS

Toe ek 'n kind was, het ek gepraat soos 'n kind, gedink soos 'n kind, geredeneer soos 'n kind. Maar noudat ek 'n man is, is ek klaar met die dinge van 'n kind. (1 Korintiërs 13:11).

Ouers moet hul kinders aanmoedig om nie net die Skrif te hoor nie, maar ook te memoriseer. Dit sal hulle help om God se wil vir hulle beter te verstaan. Ook hoe om ander lief te hê en nader aan God te kom in gebed. Dit sal hulle help om te verstaan wie hulle in Christus is.

Kom ons bid

- Bid dat God se Woord sentraal sal staan in elke huis en ook vir geleenthede vir gesinne om die leringe van Jesus se alledaagse lewe op aarde te bespreek.
- Bid vir kinders om hul ouers in alles te gehoorsaam, want dit behaag die Here. Jesus self was gehoorsaam aan Sy ouers (Lukas 2:51).
- Bid vir hulle om daarvan te hou om die Skrif van kleins af te memoriseer. Dit sal hulle help om 'n stewige fondament te vestig om op te staan wanneer hulle besluite in die alledaagse lewe moet neem.

VRYDAG 6 DESEMBER 2024
ARGUMENTE

My liewe broers, dít moet julle in gedagte hou: elke mens moet maar te gewillig wees om te luister, nie te gou praat nie en nie te gou kwaad word nie. (Jakobus 1:19).

Geen gesin sal noodwendig oor alles saamstem nie. Argumente en verskille kom voor wanneer ons blootgestel word aan die wêreldbeskouing van die dag, onsedelikheid en toegang tot die Internet, bv. skermtyd vir kinders. Hierdie verskille kan egter respekvol en vreedsaam bespreek word. Om te praat oor wat vir die Here aanvaarbaar is en saam as 'n gesin te bid, sal help om hierdie struikelblokke te oorkom.

Kom ons bid

- Bid vir gesinne om bereid te wees om saam te bid wanneer hulle probleme ondervind. Dit sal help om hul geloof op te bou en te leer om God te vertrou. Hy ondersteun ons met Sy regverdige regterhand (Jesaja 41:10).
- Bid vir familielede wat deur pyn en konflik gaan om bewus te wees van God se nabyheid en liefde. Vra dat hulle nie die Here uit die oog sal verloor nie en deur die Heilige Gees se wysheid en liefde gelei sal word.
- Vra vir gesinne om te bid vir wysheid en selfdissipline om te doen wat goddelik en opbouend is.

SATERDAG 7 DESEMBER 2024
EGSKEIDING

Daarby het Hy gesê: 'Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe en hulle twee sal een wees.' Hulle is dus nie meer twee nie, maar een. Wat God dan saamgevoeg het, mag 'n mens nie skei nie." (Matteus 19:5-6).

Egskeiding kan 'n verwoestende impak hê op alle betrokkenes, veral die kinders. God se Woord moedig vergifnis en versoening aan. Dit beklemtoon ook die potensiaal vir genesing en herstel van gebroke verhoudings. Sit die gedagte aan egskeiding as 'n maklike uitweg opsy. Wees bly in verdrukkinge met die wete dat verdrukking volharding voortbring... (Romeine 5:3-5).

Kom ons bid

- Bid vir mans en vrouens om te onthou dat die huwelik 'n verbond vir die res van hul getroude lewe is wat die liefde en verhouding tussen Christus en Sy Kerk weerspieël (Efesiërs 5:31-32).
- Bid vir paartjies om God se wysheid en genade te soek, mekaar met liefde en deernis te ondersteun en hul kinders na Jesus te wys gedurende hierdie donker tyd.
- Bid dat die Kerk saam met diegene sal loop wat egskeiding oorweeg om hulle aan te moedig om herstel te ondersoek voordat hulle die laaste stap neem.

SONDAG 8 DESEMBER 2024
HERSTEL DIE GEBROKE GESIN

God wat alle genade gee en wat julle geroep het om in Christus Jesus deel te hê aan sy ewige heerlikheid, sal julle, nadat julle 'n kort tydjie gely het, self weer oprig en julle moedig, sterk en standvastig maak. (1 Petrus 5:10).

Die herstel van 'n gebroke gesin is ingewikkeld, maar moontlik. Wanneer julle jul uitdagings as 'n gesin aan Jesus voorhou, kan julle Hom vertrou om jul gesin deur Sy krag te genees. Kies om Jesus te volg en jul harte vir Hom oop te maak sodat Hy diep binne kan werk. Een manier om dit as 'n gesin te doen, is om die Woord van God te begin lees, om saam te bid en 'n verhouding met Jesus te bou.

Kom ons bid

- Vra God om die gebrokenheid en diep seer wat gesinne ervaar tot Sy eer te gebruik. Vra dat hulle herstel sal word om hul lewe opnuut te wy aan die goeie dade waarvoor God hulle bestem het (Efesiërs 2:10).
- Vra die Heilige Gees om ouers te lei in die opbou van 'n gesin wat lewendig is in die gees en gevul is met Sy lewe.
- Bid vir gesinne om die verlede te laat gaan en mekaar te vergewe. Bid dat hulle herstel sal word en 'n nuwe gesinslewe sal vorm wat op God gefokus is.